

**10de Sondag na Trinitates
31 Julie 2016 - Rom.11:25-32**

In hierdie brief aan die Romeine skryf Paulus aangaande die geregtigheid van God. Omdat almal in God se oë gesondig het en niemand enige iets anders as oordeel verdien nie, daarom kom God self in die persoon Jesus Christus en bring vir almal dié heil wat hulle erfgename van die hemel sal maak. Paulus dink nou in die hoofstukke 9- 11 na oor waarom Israel nie hierdie geregtigheid wil aanvaar nie: Hoe kan dit wees dat hulle die heil nie kan/wil aanvaar nie? Is hulle verhard? Word hulle daarom in alle ewigheid verdoem?

Ons staan hier voor 'n geheimenis (misterion), broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het; en op hierdie manier sal die hele Israel gered word. So staan daar immer geskrewe: Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder. En hierdie verbond sal Ek met hulle sluit wanneer Ek hulle sondes wegneem.

Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande van God, en dit kom julle ten goede, maar kragtens die uitverkiesing is hulle geliefdes om die aartsvaders se ontwil. As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie. Vroër was julle heidene, en ook ongehoorsaam aan God, maar noudat die Jode ongehoorsaam geword het, het God Hom oor julle ontferm. Net so gaan dit ook met die Jode: omdat God Hom oor julle ontferm het, het hulle nou ongehoorsaam geword. Maar dit gebeur sodat hulle self ook nou ontverming kan vind. God het almal aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor almal kan ontverm.

Liewe Koninkryk-kinders,

soos reeds aangekondig, laat my toe om, in die lig van die opkomende verkiessing, vandag meer oor die politiek te praat as oor die geheim van Israel. Paulus worstel 3 hoofstukke lank met die Here en met wat in die geskiedenis aangaan - daarom sal ons in 15/20 minute nooit as te nimmer voldoende oor alle punte kan praat nie. Dit blyk vandag meer belangrik te wees om vandag se gebeure in ons land aan te spreek. Die twee staan wel in verband met mekaar en ek sal later nog 'n paar sinne daaroor sê.


A

Heelwat van ons is bekommerd oor wat in die politiek aangaan. Nie net in ons land word daar luidhard oproepe gemaak om vir hierdie of daardie politieke party op 3 Augustus te stem nie, maar ook in die VSA raak 'n mens onrustig wat moontlik aan die kom is met twee hoofkandidate waar kenners meen dit die moeilikste keuse vir kiessers maak. Europa raak woellig en die midde Ooste is aan die brand. Alhoewel sommige Afrika-lande ekonomiese welvaart beleef, is die meeste nog steeds in 'n binnegeveg verwickeld. In die verre Ooste maak Indië sy stem dik en die nuwe wêreldmoonheid, China, laat nie op hom wag om selfs op SA 'n ferm houvas te kry. Wat gaan aan? Moet ons bang word of alles net ignoreer?

Laat my aan die begin net onderskei tussen verskillende vlakke van politiek. Die skema help ons net om onself bietjie meer te oriënteer en om die woord “politiek” bietjie meer omsigtig te gebruik. Dis uit die Griekse woordeskat “polis” ontleen en beteken vireers soveel as “stad”, saamwees, mense wat in 'n enkele plek byeen is en hulself op 'n sekere manier organiseer. Ek onderskei graag 4 vlakke waar ons die woord politiek gebruik.

1. Elke dag ontmoet ons mense - dis reeds kenmerkend dat ons volgens sekere patrone optree, dis kultuur, goeie maniere, waardes en normes wat ons toepas. Ook in die gemeente handhaaf ons Christelike waardes en poog ons om kultuur te skep.

2. Die woord *politiek* kom veral na vore wanneer ons na gemeenskap kyk. Hier praat ons van skole, hospitale, munisipale inrigtings, padbou, firmas wat publieke dienste lewer, gemeenskaps-formums, ens.



Dis op hierdie vlak dat die Bybel ons aanmoed om as Christen definitief betrokke te wees. “Laat julle lig skyn voor die mense sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader in die hemel kan prys”. Op hierdie vlak, in jou onmiddellike gemeenskap, is ons geroep om as Christene ons bydrae te lewer. Ons is as Christene altyd ook gemeenskaps-geïoriënteerd, ons is *polities* omdat dit oor die wêreld gaan. Ons as kerk “produseer” goeie burgers van die land; ons stel norms daar en maak ’n groot verskil.

Byvoorbeeld maak ek dit ’n punt om by ons Garsfontein-gemeenskapsforum betrokke te wees. Ek ry elke Maandag patrollie om tot die veiligheid van die omgewing betrokke te wees. Ander mense is betrokke by barmhartigheidsdienste, by skoonmaak en hygiëne, weer ander lewer insette by skole. Skole en universiteite is die broeiplekke vir die volgende generasies en daarom die mees omstrede plekke in ons samelewing.

3. Sommiges is geroep om ook by partypolitiek betrokke te raak. Op 3 Augustus word ons almal opgeroep om ons kruis te trek. Ook vanaf ons Christelike perspektief sal ons aanmoedig om wel ook op hierdie manier bydrae te lewer. Alhoewel ons weet dat die invloed klein blyk te wees - sommige dink, hulle behoort glad nie te stem nie want geen politieke party val in hul smaak nie - mag ons van die demokratiese moontlikhede gebruik maak. Stem vir die party wat jy meen, op die mees verantwoordelike manier optree en die beste vir jou gemeenskap mag wees.

In hierdie opsig is dit ongelukkig wagglik om te hoor hoe sommige politici aanspraak maak op goddelike steun. Nee, moenie val vir diegene wat propageer dat die Koninkryk van God deur slegs hierdie of daardie party gebou word nie, want in die koninkryk van die wêreld moet met mag en wet en geregtigheid regeer word. In die Koninkryk van God gaan dit oor Evangelie, genade en waarheid. Die twee duidelik van mekaar onderskei word. Waarop ons as Christene vanselfsprekend hoop, is dat daar mense in amte gekies word wat wel ook God vrees en die bes van die bevolking op die hart dra.

Desnieteenstaande, wie ook al verkies word, verdien volgens die Nuwe Testament ons gebede. Ons bid dat God mense aan bewind sal laat kom wat sy wil uitvoer.

Wanneer ons op hierdie vlak van politiek praat, dink ek aan stedelike sowel as staatsampte. Nie elkeen kan in hierdie posisies van mag funksioneer nie. Waar van ons kerklike mense nogtans ’n roeping aanvaar, wil ons hulle met gebed en daad ondersteun.

4. Op die volgende vlak dink ek aan wêreldpolitiek soos die Vereenigte Nasie in New York, die Wêreldbank of (geheime) organisasies wat die nasies beheer. Dis hulle wat vir hulself besluit wie mag lewe en wie moet verwyder word, waar om die volgende oorloë te voer, watter ekonomie moet floreer of watter moet onderdruk word. Ons “gewone” mense op straat wat nuus op TV kyk, het gewoonlik geen benul wat agter die skerms van die wêreldpolitiek aangaan nie, en ons oefen ook geen invloed uit nie.

Moet ons bekommerd wees daarvoor?

Dis ’n tema vir ’n Bybelstudie; hier sal ek net kortliks antwoord: ja en nee. Ja, in die opsig dat ons as Christene ook burgers van die wêreld is. Ons behoort te weet wat aangaan. Byvoorbeeld die boek Openbaring waarsku ons van wêreldmagte gekenmerk deur die getal 666 of die merk van die dier. Ons behoort te weet dat pluralisme (vermenging van godsdienste) ywerig deur die VN gedryf word, of dat die nuwe sogenaamde curriculum gender-mainline-stream ook binnekort in ons skole ingeforseer sal word, dat ’n new-world-order besig is om geïmplimenter te word.

Maar net so troos die boek Openbaring ons voortdurend dat hierdie dinge moet gebeur ten aansiens van die einde van die wêreld en die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Daarom, nee, moenie bekommerd wees nie. Bly getrou tot die dood en jy sal die kroon van die lewe beërwe.

5. En nou verwys ek na die 5de vlak van politiek. Dis waar ons geloof in die allmagtige, sowereine God die deurslaggewende faktor word. As jy nie kan glo dat God oor alles en in alles in beheer is nie, moet die mens na ander dinge gryp en op ander magte en kragte hoop - en dan is alle hoop wankelig, onseker en moet tot vertyweling en mismoenigheid lei. Trouens, ons Christene glo en bely dat God op alle vlakke in beheer is, dat selfs die alledaagse gebeure aan sy wil ondergeskik is. Ja, toegegee, dié geloof open allerlei ander vrae - soos: waarom laat God die bose toe? Waarom bestaan die duiwel dan nog? Waarom moet ek ly? Ens. Maar die vrae is ondergeskik onder die geloofsbelydenis: Ek glo aan God die Vader, Skepper van hemel en aarde! En die geloofsbelydenis: Jesus Christus sal weer kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. En die geloofsbelydenis: ek glo aan die Heilige Gees, die opstanding van die liggaam en die ewige lewe.

Deur sulke belydenisse verklaar ons dat daar *absolutes* is, absolute norms en waardes. En ons doen dit midde in 'n verganklike wêreld waar vandag en more alles kan verander, waar relativiteit en hedonisme (ek doen net wat plesier gee en wat tot my eie voordeel strek) aan die orde van die dag is.

B

Een voorbeeld dan nou nog, hoe 'n mens wel met gesonde verstand kan en mag redneer, is Paulus se worstelstryd ten opsigte van die lot van Israel.

Ook Paulus was uiters platgeslaan oor wat rond om hom gebeur: waarom verwerp Israel vir Jesus Christus? Sal Israel verwerp word? Is hulle deur God "afgeskryf", of het ook Israel kaans om gered te word? Dis vrae wat reeds in die gemeente te Rome vir die eerste keer ernstig gestel was en Paulus op ingaan.

Maar ook ons het soms vrae wat teen grense van menswees bots; vrae wat jou kan opvreet; vrae wat jou in die versoeking lei om alles neer te gooi en teen die hemel te skree: Waarom God? Waarom? Waarom moet my volk, Israel, die verderf ingaan? Waarom kan en wil hulle nie die enigste Verlosser en Saligmaker, Christus, nie erken nie? My vroëre vriende, my bloedfamilie, my beminde volk wil Christus nie hê nie. Sal hulle die verderf ingaan?

Ons mag vrae vra. Ja, maar (en dit is 'n groot maar) **ons moet ook die vraag in die regte rigting stuur.** Bv. dit help nie as ek my vrou vra, hoe dit met die ekonomie in China gaan nie; ek sal geen antwoord kry wanneer ek 'n apteker vra, waarom my kar nie wil start nie; ek kan nie 'n politikus vra, watter blomme in die lente in my tuin sal blom nie. Die regte vrae moet na die regte adres gestuur word.

En wanneer ons vrae oor lewe en dood, oor ewige verdoemnis en ewige lewe het, dan moet ons dié Ene vra wat albei ken: lewe en dood, marteldood en opstanding. Ons moenie lewensantwoorde in populêre tydskrifte of by onerfare leke gaan soek nie. Hoe dikwels lees ons van mense wat by (of na) begrafnisse beweer: "Maar dit was so 'n goeie mense; sekerlik sal die oorlede nou by die Here wees." Nonsens - so 'n stelling ontken alles wat ons uit die Nuwe Testament geleer het. Dit ontken die genade wat alleen genade is omdat God genadig is.

Na die regte adres stuur ook Paulus sy vrae. Hy dink na oor die lot van Israel - en dis wat ek jy ook sal moet leer wanneer ons oor ons lot geldige en autentiese antwoorde soek. Mense mag jou bystaan, wyse persone mag jou met raad voorsien, maar die laaste antwoord wil God self wees. {Ek gee gewoonlik die raad om vir jou drie persone uit te kies in wie jy vertrou het - praat met hulle en in gebed sal stadig 'n antwoord uitkristaliseer.} Paulus skryf na Rome maar worstel eintlik met God. Hy bring Israel in verband met God. Here, waarom verwerp my geliefde volk vir Christus? Is dit nie Hy wat wil hê dat alle mense gered moet word en hulle tot insig van die waarheid moet kom nie? Waarom wil Israel dan nie die Heiland erken nie?

En nou Paulus se redenasie: Israel wat die lig van die wêreld behoort te gewees het, was dit toe nie. Israel het die genade verdraai, die goeie boodskap vir hulle self gehou en alle heidene van God af weg gehou. Toe besluit God in sy almag, om Israel te verhard, sodat hulle die ewangelei verwerp; dit is toe na die heidennasies gewerp. Hulle - dit is ons, ek en jy, wat nie etniese Jode is nie, wat onder die kategorie "heidene" geval het - is nou begenadig om die Evangelie te ontvang, om tot insigte te kom en om nou ook lig vir die wêreld te wees. Staan ons Christene dan nou bo Israel as die nuwe uitverkore volk?

Paulus gee ten opsigte van hierdie hoogmoedige houding van Christene drie duidelik antwoorde.

i) **Eerstens** was dit nie die hele Israel wat die Evangelie verwerp het nie, maar net 'n gedeelte van Israel. Jode kan en het ook tot geloof gekom (onthou dat die meeste gemeentes in die nabye Ooste van Joden- en Heidenchristene saamgestel was). En bekeerde Jode vandag is lewende getuies daarvan dat God se verharding nie omvattend is nie. Hulle het dus nog altyd die geleentheid om die ewangelei te hoor te kan aanvaar.

ii) **Tweedens** het hierdie verwerping plaasgevind, sodat die Evangelie versprei sou word onder alle ander nasies. Israel se verleentheid het 'n geleentheid geword vir alle ander nasies.

iii) En **derdens**, net soos heiden uit genade alleen gered is, al was hulle vroër ongehoorsaam, so sal ook die hele Israel weer onder die genade van die Here val want God wil hê dat alle mense gered moet word en

tot insig van die waarheid sal kom - dit is die einddoel van die Here, die doelgerigheid naamlik die uiteindelijke nimmereindigende vrede met die Skepper, Verlosser en Voleinder.

Die verharding is dus tydelik; die oordeel voorlopig en hierdie toestand loop daarop uit, dat almal van hul tekortkominge voor die Here bewus word en almal aan die genade deelagtig kan word. Geen uitverkiesing tot verdoemenis, geen hel of ewige vuur word vir hulle voorspel nie want hulle is en bly God se uitverkore volk uit wie die Messias sal kom. Die beloftes aan Abraham: *in jou sal geseën word al die geslagte van die aarde*, het reeds, maar sal ook weer waar word. Ja, die Verlosser, Jesus Christus het reeds gekom en Hy sal weer kom - soos Paulus dan uit die OT Jesaja aanhaal: *Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder.*

Ons het gesê dit gaan hier primêr oor **die probleem van Israel** maar hierdie teksgedeelte handel ook oor **die probleem van Christene** wat agteroor sit en van meening is dat hulle outomaties gered is. Hier word die vraag nou aan óns voorgehou of ons met ons denke en optredes nie God se oordeel op ons trek nie? As ons dan nie lig van die wêreld is nie, as ons dan op die louere rus en Gods water oor God aker laat loop, sonder om sy vermaninge te hoor en boete te doen, kan dit nie dan wees, dat die Here ook van ons die Evangelie sal wegneem nie en vir ander gee wat dit graag wil hoor en aanneem?!

Luther het die Genade van die Here by 'n geleentheid met 'n donnerreën bui vergelyk. Die wolke word deur die wind heen en weer gedryf. Dit reën waar dit wil, maar die wolke trek ook verder. En Hy het bygevoeg: as ons dan die Evangelie nie wil hê nie, dan trek die genade verder en word aan diegene gegee wat wel ontvanglik is.

Maar jy, jy is gedoop! Oor jou is God se belofdes uitgespreek. Hy sal jou in der ewigheid nie los nie. En al dwaal jy af, sal jy soos die Vader van die verlore seun op jou wag. Doen boete, bely en keer terug na sy soete barmhartigheid! Hy is getrou, daarom wil ook ons getrou wees!

En 'n laaste opmerking ten opsigte van Paulus se worstelsstryd. Het ons dit raakgesien? **Paulus maak van die wêreldgeskiedenis, 'n heilsgeskiedenis van God.** Paulus kyk na die gebeure rondom Israel en sien God aan die werk. En wanneer ons na Israel kyk? Sien ons net oproer en bakleierei, stootskrapers in vlugtelingkampe en selmoord-bomaanvalle, helikopters in die lug en massademonstrasies op die strate? Kan ons dalk ook hierin God se werking sien?

Sal ook jy instaat wees om jou lewe en jou lot as “heilsgeskiedenis” te aanskou? God gaan met elkeen 'n besondere pad, maar jou pad is ingebed in die stroom van God se bedoeling vir die hele wêreld. Vir jou het Hy bedoel om *lig in die wêreld* te wees - deur jou lot en lewe sal daar lig wees vir die nasies.

Sal ons ook S.A. so kan sien, as lig vir die nasies?! Nie omdat ons gister rugby gewen het nie, maar omdat hier ongelooflike dinge plaasgevind het - en dit slegs omdat die kerke aktief was (reënboognasies = nasie van hoop - op sosiale maar veral weens geestelike redes).

Is God besig om in die wêreldpolitiek in te meng? Paulus is oortuig: Ja! Aan die einde van die tye sal God ook vir Israel roep en hulle sal gehoor gee. So sal almal, heidene en Israel, saam almal uit genade alleen gered word. Geen-een het dit verdien nie; geeneen was op grond van etnisiteit of klas meer geskik vir genade as 'n ander ene nie; álmal word geroep en gered *uit genade alleen*.

As jy dus vrae het, lewensvrae wat aan die grense van menselike bestaan bots, dan worstel met die Here. “Vernuwings in die Afr gedeelte” - nog 'n tree voorentoe, nog 'n stap nader na die ewigheid. Mag God gee dat dit 'n stap sal wees in die regte rigting, na die regte God. Soli Deo Gloria = aan God alleen die eer. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.